

Strepe vir die strand

deur CAROL STONE



Maak vir jou 'n weelderige strand-

mat met bypassende kussing, 'n

ritssakkie en - om alles gerieflik

in te dra - 'n pragtige skouersak

BENODIGDHEDE: (vir strandmat, kussing, ritssak en skouersak) 2,10 m materiaal, 124 cm breed; 1,50 m polinielplastiek (PVC), 150 cm breed; 2,40 m watteersel, 92 cm breed; 20 cm aanstryk-tussenvoering; skuinsband; soomband; 20-cm-ritssluiters; bypassende garing; houtstokke om openingrande mee te verstewig.

STRANDMAT

AANWYSINGS: Knip 'n stuk materiaal en watteersel elk 183 x 61 cm groot. Speld watteersel in posisie aan verkeerde kant van materiaal vas. Stik dié twee stowwe aan mekaar vas (raadpleeg diagram 1). Knip twee stukke PVC elk 98,5 x 71 cm groot. Met regte kante opmekaar, stik dié twee stukke by een kort kant van elk aan mekaar vas, 2 cm van rafelrand af, om 'n strook van 193 x 71 cm te vorm. Lê dié stuk PVC-strook plat neer met verkeerde kant na bo. Plaas aanmeekaargestikte materiaal en watteersel daarop, sodat watteersel op PVC lê. Vou PVC rondom eers 2 cm breed om en dan weer 3 cm, sodat PVC rafelrande van mate-

riaal en watteersel bedek. So word 'n dik omranding gevorm. Verstek hoeke (raadpleeg diagram 2).

Om band vir mat te maak, knip 'n strook van 116 x 6 cm uit materiaal. Vou strook

oorlangs dubbel, met regte kante opmekaar, en stik kort en lang kante 1 cm van rafelrande af, toe. Dop om na regte kant. Vou band 76 cm van een punt af om en plaas vou onder omranding (raadpleeg diagram 3) by middelpunt van een kort kant. Hou PVC-omranding met papierknypers in posisie, en stik oor band in posisie vas. Stik weer oor band vir stewigheid.

KUSSING

AANWYSINGS: Knip 'n stuk materiaal 46 x 32 cm groot; en 'n stuk PVC 48 x 34 cm groot. Gebruik oorblywende watteersel om 'n stuk van 40 x 72 cm uit te knip. Vou watteersel dieldubbel, soos diagram 4 aandui, om 'n reghoek van 40 x 24 cm te verkry. Speld gevoude watteersel op verkeerde kant aan materiaal vas. Stik deur al

die lae, 'n entjie van die rand af, rondom reghoek. Plaas aanmeekaargestikte watteersel en materiaal op PVC sodat watteersel op PVC lê. Vou rand van PVC rondom 1 cm breed om sodat PVC rafelrande van materiaal en watteersel bedek. Plaas soomband op omgevoude PVC en stik soomband al langs albei bandrande in posisie vas. Verstek hoeke (raadpleeg diagram 5). Gebruik papierknypers om PVC in posisie te hou terwyl jy stik.

RITSSAKKIE

AANWYSINGS: Knip 4 stukke materiaal 20 x 13 cm groot, om twee pante elk vir buitekant en voering van sakkie te verkry. Knip 2 stukke aanstryk-tussenvoering van dieselfde grootte. Stryk tussenvoeringpante op verkeerde kant van voeringpante vas. Knip 2 pante vir insetsel uit materiaal en 1 uit aanstryk-tussenvoering, elk 44 x 7,5 cm groot.

Vou een lang kant van elke insetselpant 1 cm breed na verkeerde kant om en stryk

DIAGRAMME VIR STRANDSTEL




DIAGRAM 2




DIAGRAM 3




DIAGRAM 4




DIAGRAM 5





DIAGRAM 6



plat. Speld een sakpant aan elke kant van ritssluiters vas, sodat voue met verkeerde kant onder, op regte kant van ritssluiters lê. Stik vas. Draai werk om. Speld oorblywende sakpante ook aan weerskante van ritssluiters vas met verkeerde kant van voue op verkeerde kant van ritssluiters. Stik op vorige stiksel vas. Speld en stik sakpante aan weerskante van ritssluiters al langs rafelrande aan mekaar vas (raadpleeg diagram 6).

Stryk tussenvoering op verkeerde kant van insetselde opmekaar, stik kort kante toe.

Met regte kante buite, speld insetsel tussen sakpante in posisie vas en stik 5 mm van rafelrand af (raadpleeg diagram 7). Knip hoeke langs stiksely af. Boor rafelrande met skuinsband om.

SKOUERSAK

AANWYSINGS: Knip 'n stuk materiaal 106 x 48 cm groot vir hoofsak; 'n stuk watteersel 90 x 48 cm groot vir hoofsak; 'n stuk PVC 82 x 48 cm groot vir hoofsak; knip 'n stuk materiaal 32 x 23 cm groot vir buitesak; 'n stuk PVC 30 x 21 cm groot vir buitesak.

Om buitesak te maak, plaas PVC op materiaal, met verkeerde kante opmekaar. Vou materiaal wat uitsteek oor rande van PVC om om 'n soom rondom te vorm. Hou soom met behulp van papierknypers in posisie.

Om hoofsak te maak, speld watteersel op verkeerde kant van materiaal vas, sodat materiaal by kort kante 8 cm breed aan weerskante uitsteek. Stik watteersel al op rande langs aan materiaal vas. Vou aanmeaargestikte pant in dwarsste dubbel, sodat materiaal buite is. Speld buitesak op een helfte van gevoude hoofsakpant vas, sodat onderste rand van buitesak 6,5 cm van vou van hoofsakpant af is. Vou hoofsakpant oop, lê plat neer en stik buitesak in posisie vas.

Vou hoofsakpant weer in dwarsste dubbel met **verkeerde kant** buite. Stik synate 1 cm van rafelrande af, ongeveer 29 cm van vou af boontoe, toe. Knip watteersel netjies. Dop om na regte kant. Vou oorblywende PVC-pant in dwarsste dubbel en stik synate 1 cm van rande af toe, ongeveer 29 cm van vou af boontoe. Dit sal as voering dien.

Plaas PVC-voering nou in posisie in materiaalsak. Vou PVC en materiaal 1 cm breed na binne om, van synate af boontoe. Hou PVC en materiaal in posisie met behulp van papierknypers en stik some in posisie vas

(raadpleeg diagram 8).


Om skouerbande te maak, knip 4 stroke materiaal elk 90 x 5 cm en 2 stroke watteersel elk 90 x 3 cm. Plaas 'n watteerselstrook op elk van twee materiaalstroke om alkante ooreen te stem, op verkeerde kant van materiaal. Vou materiaal rondom oor watteersel 1 cm breed om. Stryk en speld in posisie vas. Vou oorblywende materiaalstroke alkante 1 cm breed na verkeerde kant om. Stryk voue plat. Plaas die twee materiaalstroke nou elkeen afsonderlik, met kante ooreenstemmend, op 'n vasgespelde strook, sodat verkeerde kante binne is, en

speld en stik die stroke al langs voue aan mekaar vas.

Om sak te voltooi, plaas een skouerband se punte in posisie op rand van PVC-voering sodat band na onder lê. Soom openingrand 7 cm breed na verkeerde kant om, sodat soomvou bandpunte bedek. Stik soom in posisie vas oor bandpunte, soos diagram 9 aandui. Stik 'n tweede keer 'n entjie hoër as eerste stiksel, om buis vir stokke te vorm (raadpleeg diagram 9).

Herhaal dié proses met die ander skouerband op teenoorgestelde openingrand. Steek stokke in die buise in.

sappige perskes



KOO

MAAK DIE KEURIGSTE VERSKIL




DIAGRAM 7




DIAGRAM 8




DIAGRAM 9